Palmsondag Oordenking
5 April 2017

Triomfantelike intog – ewige lof - heerlike bevryding.

Op Sondag 9 April 2017, vier biljoene gelowiges in die wêreldwye kerk die triomfantelike Palmsondag. Dit is die eerste dag van Heilige Week en onthou feestelik die Een wat na ons toe kom in die Naam van die Here van die leërskare.

Ons vier die triomfantelike intog van die Verlosser in Jerusalem, net ’n paar dae voor sy arrestasie en kruisiging, wat in al vier Evangelies vertel word en bewys is daarvan dat hierdie herdenking reeds baie belangrik was in die vroegste kerk, toe die Evangelies geskryf is.

Jesus en sy dissipels trek op uit Betanië, naby die Olyfberg. Hy stuur twee om by ’n nabygeleë dorpie ’n donkie te gaan haal. Jesus gaan sit op klere wat hulle op die dier se rug plaas en ry die stad binne.

Matteus 21: 4 – 5 sê: *"Dit het gebeur sodat die uitspraak van die profeet vervul sou word: “Sê vir Sion: Kyk, jou Koning kom na jou toe; Hy is nederig en Hy ry op 'n donkie, op die vul van 'n pakdier.”* En *“ Die grootste deel van die skare het van hulle klere op die pad oopgegooi, en ander het takkies van die bome afgebreek en dit op die pad gestrooi.”*

Die Ou-Testamentiese agtergrond van hierdie dag vind ons in Sagaria 9:9 - 10: *“Jubel, Sion! Juig, Jerusalem! Jou koning sal na jou toe kom. Hy is regverdig en Hy is 'n oorwinnaar, Hy is nederig en Hy ry op 'n donkie, op die hingsvul van 'n donkie. Die pyl en boog waarmee oorlog gemaak word, sal gebreek word. Die Koning sal vrede vir die nasies afkondig en Hy sal regeer van see tot see, van die Eufraat af tot in die uithoeke van die aarde.”*

Die Een wat redding bring kom die stad binne op ’n donkie en dit is ’n vredevolle, koninklike verklaring oor ons versoening met God wat aan ’n kruis gebeur het en deur ’n opstanding vervolmaak is. Dit inspireer ons lof en vier ons heerlike bevryding.

Ag, as ons maar wou kyk en sien wat dit is wat vir ons vrede bring en ons vrymaak, sal ons almal Sondag kerk toe kom om ons hosannas te sing vir die Koning. Dit is die Koning van die konings en die Here van die here wat dit doen deur vir ons ’n offer van selfopofferende liefde, bevryding en versoening te word.

Mag die vredesoptog van die eerste Palmsondag ons inspireer om onbeskaamd te verklaar dat Jesus Christus se soewereine mag ons verlossingsgenade is.